**"Maar ek dink 'n boer is klaar 'n surrealis": surrealisme, zen-boeddhisme en poliieke verset in Breytenbach se vroeë werk**

**Louise Viljoen**

In 'n onderhoud met Yves T'Sjoen, gevoer in 2022, verwys Breytenbach na die invloed van sy uitgewer en vertaler, Laurens van Krevelen, ook dat Van Krevelen hom steeds probeer oortuig dat hy 'n surrealis is. Hy het egter daarteen geprotesteer: "ek skop vas en sê ek is nie 'n surrealis nie ek is 'n boer. Maar ek dink 'n boer is klaar 'n surrealis" (vgl. https://voertaal.nu/breyten-schrijven-4-het-laatste-interview-opleidingskursusse-in-ondergrondse-tegnieke/).

Beskrywings van Breytenbach se skrywersdebuut in die 1960's verwys sonder uitsondering na die surrealistiese inslag van sy werk, die invloed van die zen-boeddhisme en die aanwesigheid van politieke verset. By wyse van nabetragting en herlesing fokus hierdie referaat op die verwewing van die surrealisme, zen-boeddhisme en politieke verset in Breytenbach se vroeë werk (1964-1975). Die herlesing word geplaas binne twee verskillende kontekste: die Sestigerbeweging se modernistiese ingreep op die Afrikaanse literêre tradisie en Breytenbach se Afrika-bewussyn. Daar word veral ingegaan op die oorspronge van die surrealistiese beweging, die invloed van bepaalde surrealistiese digters op Breytenbach se skryfwerk, die wyse waarop die surrealisme gesien kan word as 'n beweging met politieke ideale, hoe dit in Breytenbach se skryfwerk verweef word met die zen-boeddhisme en hoe dit artikuleer met sy denke oor Afrika. Daar word al ten slotte ook kortliks verwys na Breytenbach se voorlaaste bundel *Op weg na kû* om aan te dui hoedat sy vroeë werk skakel met die laat fases van sy werk as kunstenaar.